
# 379 Ons kniel aan u voete neer




U liefde so onpeilbaar groot
ontsien nie om te ly nie,
ontsien geen kruis, geen vloek, geen dood,
om sondaars te bevry nie.

Buig, sondaars, buig gelowig neer
voor Hom, die Lig en Lewe;
sing van sy liefde, tot sy eer,
ver bo ons lof verhewe.

Die Lam wat vir ons skulde boet,
oorwin  die hel se magte;
Hy koop ons vry met kosbaar bloed
uit duisende geslagte.

Tot priesters deur u bloed gewy,
is al ons skuld vergewe;
U het tot konings ons bevry
om tot u eer te lewe.

Pieter L. van de Kasteele (1748-1810) Boheme (1595) / M. Praetorius (1610)